higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4

(Eerste Vraestel)

5 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Artikulasiestelsel
1.1.2 Sydelings
1.1.3 Inwendig
1.1.4 Foramen
1.1.5 Palmar

(5 × 2) (10)

1.2 1.2.1 Aan die onderkant

1.2.2 Aan die agterkant

1.2.3 Slegs deur 'n mikroskoop sigbaar

1.2.4 Verdeel die liggaam in voorste en agterste dele

1.2.5 Die peritoneale holte bestaan uit die abdominale en pelviese dele

(5 × 2) (10)

1.3 Dit word so genoem omdat dit weefsel verbind en organe met mekaar verbind.

Los bindweefsel: Los bindweefsel kom tussen organe voor, byvoorbeeld die buikvlies in die abdominale holte waar dit bloedvate ondersteun en wrywing weerstaan. Dit kom onder die vel voor, met ander woorde, onderhuids; meer by diere as by mense.

Die wit veselagtige bindweefsel word alleen is sekere dele aangetref, byvoorbeeld in senings. Dit kom ook in kraakbeen voor waar versterking nodig is. Geel elastiese weefsel kom, onder andere, in bloedvate voor waar die elastisiteit bloedvloei vergemaklik.

AREOLÊRE WEEFSEL

Vul holtes tussen strukture op

KRAAKBEEN

Die weefsel kom voor waar elastisiteit kritiek is en wrywing uitgeskakel moet word, byvoorbeeld die oorskulp, in die neus, in gewrigte, ens.

VET

Dien as beskerming van sekere organe, byvoorbeeld die niere.

BEEN

Beenweefsel vorm die skeletstelsel en bevat groot hoeveelhede kalsium om dit te verhard.

BLOED

Bloed is in werklikheid bindweefsel omdat dit in alle selle, weefsel en organe in die liggaam voorkom. Dit bestaan uit selle wat in 'n vloeistof dryf en nooit stilstaande is nie, maar deurlopend beweeg.

SENINGS EN LIGAMENTE

Senings is dié dele van spiere wat aan bene geheg is. Ligamente kom by gewrigte voor waar dit help om die gewrigte te ondersteun en dit bymekaar te hou.

(Enige 4 × 1) (4)

1.4 Pilorussfinkter (2)

1.5 Peristaltiese bewegings (2)

1.6 Longvlies (2)

1.7 Toevoerende senuwees (2)

1.8
- Frontale
- Pariëtale
- Temporale
- Oksipitale (Any 2 × 1) (2)

1.9 Propioseptore (2)

1.10 Eustachio-kanaal (2)

1.11 Nefron (2)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Met inaseming trek die diafragma saam en word platter. Terselfdertyd trek die tussenribspiere saam om die sternum of borsbeen opwaarts en uitwaarts te lig om die borsholte sodoende te vergroot. Die druk verminder en as gevolg van lugdruk gaan lug die longe binne. Wanneer die spiere ontspan, vind die teenoorgestelde plaas wat tot uitaseming lei. (10)

2.2 Bloed word deur vier longare vanaf die longe na die linker voorkamer van die hart vervoer.

Bloed vloei deur die bikuspied of mitralisklep na die linker ventrikel. Suurstofryke bloed verlaat die hart deur die aorta na die res van die liggaam. Alle suurstofarme bloed vloei deur die onderste holaar, die boonste holaar en die koronêre sinus wat in die regter voorkamer van die hart uitloop.

Die vloed vloei deur die trikuspidale klep na die regter ventrikel. Vanaf die regter ventrikel vloei die bloed deur die longslagaar na die longe waar koolstofdioksied vrygestel en suurstof weer ingeneem word. (10)
[20]

VRAAG 3

3.1 Dit word in die liggaam gevorm wanneer sekere limfosiete deur antigene gestimuleer word. Bloedteenliggaampies of agglutinogene kom vanaf ongeveer die derde of vierde maand na geboorte natuurlik in die liggaam voor. Wanneer die teenliggame met die ooreenstemmende antigene in kontak kom, vind agglutinasie of konglutinasie plaas.

Volgens die ABO-stelsel word bloed in vier hoofgroepe verdeel.

'n Persoon in bloedgroep A het A-agglutinogene in die rooibloedselle en b-agglutiniene in die serum of plasma. 'n Persoon in bloedgroep B het B-agglutinogene en a-agglutiniene.

'n Persoon in bloedgroep AB het A + B agglutinogene en geen agglutiniene. 'n Persoon in bloedgroep O het geen agglutinogene en a + b agglutiniene.

Dit is dus duidelik dat 'n persoon nie enige tipe bloed kan ontvang nie omdat dit tot agglutinasie, hemolise en skade aan die niere kan lei. Indien 'n persoon onverenigbare bloed ontvang, kan dit dodelik wees. (10)

Kopiereg voorbehou

3.2 Wanneer 'n fetus uit 'n Rh-negatiewe ma en 'n Rh-positiewe pa ontwikkel, is die moontlikheid dat die fetus Rh-positief sal wees baie groot. Indien dit die geval is, kan die ma se bloed gestimuleer word om Rh-teenliggame te ontwikkel. Hierdie teenliggame kan deur die plasenta beweeg, die fetus se rooibloedselle kan agglutineer, hemolise kan plaasvind en breinskade en nierineenstorting kan voorkom. Hierdie toestand word erythroblastosis foetalis of hemolitiese siekte van neonate genoem. Ongeveer 80–85% van die wit bevolking is Rh-positief in vergelyking met die 98% van anderskleuriges. (7)

3.3
- Dit beheer die metaboliese spoed.
- Dit beïnvloed die prikkelbaarheid van die senuweestelsel.
- Dit is betrokke by die behoud van gesonde vel, hare en naels.
- Dit dra by tot die algemene endokrienbalans van die liggaam.
- Dit het 'n buitengewone invloed op liggaams- en fisiologiese ontwikkeling van jong kinders. (Enige 3 × 1) (3)

[20]

VRAAG 4

4.1 Hierdie tablette is ongeveer 1/4 so groot soos 'n gewone asperientablet en moet deur 'n geneesheer voorgeskryf word. Een tablet word vir 20 dae per maand aaneenlopend geneem. Wanneer die tablette soos aangedui geneem word, beheer dit ovulasie en geen eiers word ryp nie. Sperma kan dus die eierleiers vryelik binnegaan sonder dat bevrugting plaasvind. Op hierdie manier bied die mondelingse tablet die voordeel van deurlopende beskerming.

Die ontwikkeling van die tablet is moontlik gemaak deur die ontdekking dat die hormone estrogeen en progesteroon in die regte kombinaisie ovulasie kan inhibeer aangesien hierdie hormone ovulasie tydens swangerskap staak. Met hierdie kennis en die ontwikkeling van nuwe verbindings kon wetenskaplikes tablette ontwikkel wat hormone soos estrogeen en progesteroon bevat wat ovulasie ook tydens swangerskap staak. Om hierdie rede mag vroue wat die mondelingse voorbehoedmiddel neem simptome van vroeë swangerskap soos gevoeligheid van die borste, naarheid of 'n versadigde gevoel ervaar wanneer die tablette vir die eerste keer geneem word. Namate die ligaam aanpas, verdwyn hierdie simptome gewoonlik binne 'n dag of twee. (5)

4.2
- gereelde of aanhoudende hoofpyne
- kleurverandering van die vel
- onverklaarbare borspyne
- ongewone swelling van die enkels
- kortasemigheid
- versteurings van sig, soos dubbelvisie of skielike, gedeeltelike of algehele sigverlies
- ongewone, aanhoudende of onverklaarbare pyn in die bene
- knoppe of vergroeisels in die borste
- gereelde of aanhoudende vaginale bloeding (5)

4.3 4.3.1 Soos deur 'n geneesheer voorgeskryf, moet die diafragma voor geslagsgemeenskap ingeplaas word. Plasing mag verskeie ure voor gemeenskap gedoen word.

Die diafragma dien as 'n hindernis of deflektor wat verhoed dat sperma die baarmoeder binnegaan. Om doeltreffend te wees, moet die diafragma egter met 'n spesiale spermdodende jellie of room bedek word. Spermdodende middels dood sperma wanneer dit daarmee in kontak kom.

Dit is 'n goeie, bewese metode wat, bykomend tot die spermdoder, vir baie vroue die sekuriteit van 'n fisiese hindernis teen sperma bied. Die diafragmna het geen uitwerking op toekomstige vrugbaarheid nie. (3)

4.3.2 Dit word van sagte, buigsame plastiek gemaak. Die geneesheer rol die toestel oop en plaas dit deur middel van 'n buis wat soos groot soos 'n strooitjie is in die holte van die baarmoeder sonder dat dit baie ongemak veroorsaak. Nadat die toestel in die baarmoeder geplaas is, neem dit die oorspronklike vorm aan. Die toestel word in die baarmoeder gehou solank as wat bevrugting voorkom moet word. (3)

4.4 Indien 'n kondoom nie behoorlik gepas is nie, of indien die selfs net effens afgly (soos wat na orgasme mag gebeur), of indien dit effens skeur, sal sperma die vagina onmiddellik binnegaan. Baie paartjies vind dat kondome die natuurlike sensasie demp. (3)

4.5 Onttrekking voor ejakulasie. (1)
[20]

VRAAG 5

5.1 Dit word deur 'n bakterie, Neisseria gonorrhoeae of gonokokkus, veroorsaak. Gonorree word deur geslagsgemeenskap versprei. Gonorree is 'n destruktiewe siekte van die manlike en vroulike voortplantingsorgane. In mans presenteer dit as 'n akute siekte (pireksie), wat koors en 'n geelgroen afskeiding uit die uretra behels.

Dit is simptome van ureteritis en disurie. In chroniese gevalle mag dit stenose van die uretra asook totale bilaterale isolasie van die vas deferens veroorsaak, wat tot asoöspermie kan lei. By vroue kom dit veral in die uretra en die serviks voor. 'n Geelgroen afskeiding uit die uretra en vagina kom voor; dit veroorsaak jeukerigheid met disurie, gereelde urinering en swelling van die labia.

Gonorree mag deur 'n geïnfekteerde vrou wat haar baba hanteer oorgedra word. Behandeling is dieselfde as vir sifilis. Chroniese gonorree vernietig die vroulike eierleiers geheel en al. (10)

Kopiereg voorbehou

5.2 5.2.1 'n Baba wat borsvoeding kry het nie water nodig nie, omdat moedersmelk so saamgestel is dat dit ook die baba se dors les. Wanneer borsvoeding gevestig is, kan die ma die baba een of twee keer per dag melk, 'n bietjie gekookte en afgekoelde water, rooibostee of verdunde vrugtesap voer. Dit moet egter nooit as 'n plaasvervanger vir borsmelk gegee word nie. (3)

5.2.2 Vir die eerste vier tot ses maande (soms selfs langer), kan moedersmelk in al 'n baba se behoeftes voorsien.

Afhangende van die baba se groei en vordering, kan vaste kos vanaf die vierde tot sesde maand gegee word. Aan die begin word die kos gegee nadat die baba gevoed is. Slegs een nuwe voedselsoort op 'n keer moet enkele dae uit mekaar gegee word om te verseker dat dit geskik is vir die baba. 'n Ma moet ook daarteen waak om haar baba die verkeerde tipe kos te voer. (4)

5.2.3 Net soos met kos word die stowwe in alle medisyne wat deur die ma geneem word in haar melk afgeskei, ook dié in algemene asperien en selfs vrugtesout. Die veiligste is dus om nie enige medikasie te neem sonder om 'n dokter te raadpleeg nie. 'n Dokter moet altyd in kennis gestel word dat 'n vrou borsvoed voordat 'n voorskrif uitgereik word. (3)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou